# 1

**Dit** kan nie wees nie. Dis tog onmoontlik.

"Ma-a-a-a-a!" Dan stop ek vinnig. **Nee!**

Ek kan nie my ma nou hiervan sê nie. Nie vandag nie. Nie op die **DAG VAN DIE ONDERHOUD** nie. Sy gaan net soos in heeltemal uitfreak, dalk glad nie werk toe gaan nie. En sy moet net. As vandag se onderhoud suksesvol is, is al ons probleme opgelos.

En wat sê ek in elk geval? Ek sal moet verduidelik, en ek is net dertien. Ek het nie die vaagste benul wat aangaan nie.

Dis tien voor sewe. Enige oomblik nou gaan sy my kamerdeur oopmaak en my vir ontbyt kom roep. En ek sal moet maak asof daar niks verkeerd is nie. Gewoonlik storm ek kombuis toe, want 'n man raak honger as jy heelnag niks geëet het nie. Maar vanoggend het ek 'n probleem. **Nee, 'n hengse krisis.** Wat kan ek doen? Wat gaan ek maak?

Wat kan ek sê?

Frederik, wat langs my op die bed lê en slaap het, se rotlyf duik onder die deken in en lê soos gewoonlik roerloos en wag.

Ek hoor haar voetstappe in die gang aankom.

Al nader.

"Boet? Etenstyd!"

Die deurknop draai.

Desperaat kyk ek af na waar my bene moet wees.

EN WAAR DAAR NOU NET MOOI **NIKS** IS.

# 2

Ek pluk die duvet boontoe en trek dit haastig oor my-bene-wat-nie-daar-is-nie.

Hoe is dit moontlik? Wat het gebeur? Wat het van my bene geword? Één ding weet ek net: My ma mag vir eers niks hiervan weet nie. Vandag moet ek dit self probeer uitsorteer, as ek kan, later, as sy weg is.

Soos iemand wat nog 'n paar oomblikke moet lê en rus ná 'n lang, moeilike nag, val ek terug teen die kopkussing en maak my oë toe.

My ma bly in die deur staan.

"Etenstyd!" Die houtvloer kraak toe sy 'n tree die kamer in gee. "Is jy oukei, Boet?"

Ek maak my oë stadig oop en probeer glimlag, maar ek voel soos 'n wurm. Ek steek gewoonlik nie vir haar dinge weg nie. Net, miskien, as ek voel sy gaan haar onnodig bekommer, en dis nie dikwels nie. Ons pak die wêreld altyd saam aan. "Ja, Ma. Ek ... um ... ek lê net nog so 'n bietjie."

"Van wanneer af *lê jy net nog so 'n bietjie*?" Sy is klaar aangetrek vir werk. Vandag dra sy 'n swart langbroek en bloes en swart skoene, met haar lang hare in 'n bolla agter haar kop vasgemaak. Seker vir die onderhoud met die moontlike vennoot waaroor sy al die hele week stres. Ek verstaan nie baie hiervan nie. Net dat hier 'n probleem is.

As sy net iemand kan kry om saam met haar haar koffiewinkelbesigheid te bedryf, gaan dit 'n groot verskil in ons lewens maak, sê sy. Dan sal haar geldprobleme minder wees en hoef ons nie heeltyd vir ander mense te vra om ons te help net om die besigheid aan die gang te hou nie.

Maar dit klink makliker as wat dit regtig is.

Sy het al 'n hele paar keer mense gehad wat belanggestel het, maar van wie sy dan net nooit weer 'n woord gehoor het nie. Hulle maak 'n afspraak met haar en daag dan net nie op nie. Elke keer is sy so opgewonde, en dan gebeur daar net mooi niks. Ek haat dit as sy so teleurgesteld is, want my ma is eintlik 'n vrolike mens, een wat altyd die mooi in dinge probeer sien.

Oor vanmiddag se onderhoud voel sy baie goed. Ek hou maar net duim vas. Eintlik hou ek elke aand duim vas totdat ek aan die slaap raak, heeltyd, al vat dit partykeer nogal lank. Dis moeilik om te onthou om al twee jou duime styf vas te hou, maar hierdie saak is belangrik genoeg, want sy het verduidelik dat ons twee nie so kan aangaan nie, en ek is ook al moeg van sukkel en bekommerd wees.

En dis juis oor hierdie onderhoud dat ek nie nou vir

haar wil laat agterkom wat met my bene aangaan nie. Dit gaan haar totaal uitfreak. Om die waarheid te sê gaan sy dan heel moontlik heeltemal van die onderhoud vergeet.

Haar dun donker wenkbroue trek boontoe en haar blou oë bekyk my op en af. "Gewoonlik kan jy nie wag om weg te kom en skool toe te gaan nie. Is jy siek? Moet ek bekommerd raak?"

Ek skuif hoër op teen die kussing, trek die duvet op tot onder my arms en probeer lyk soos iemand wat twee gewone bene het.

Ek moet haar hier uitkry sodat sy met haar dag kan begin sonder enige ekstra bekommernisse. "Nee, Ma. Ek voel ... eintlik heel goed."

"Nou kom eet dan."

Hoe op aarde gaan ek by die kombuistafel uitkom sonder bene? Ek meen, regtig! "Ek ... is net nie nou ... um ... op hierdie oomblik vreeslik honger nie."

"Dis vreemd." Sy loop nader.

My hele lyf raak styf.

My hande klem om die bokant van die duvet en ek trek dit nog 'n bietjie hoër op. Sê nou sy vat daaraan of dit gly af? En sy sien my bene is weg? Ek kan nie nou enige kanse vat nie.

My ma leun vooroor en sy ruik soos 'n ma ruik – na rose. Sy sit haar hand teen my voorkop en staan my ingedagte en beskou. "Jy is nie warm nie. Ek sê jou wat, lê nog 'n oomblik en dan kry ek my pap en kom eet by jou."

**Vrek.**

Sy kom in en gaan sit op die voetenent van my bed.

Dis stil terwyl sy die melk en botter in haar pap inroer.

Miskien moet ek tog vir haar sê van my bene. Dalk is dit 'n siekte. Ek trek my asem in.

**Nee, liewer nie.**

Gelukkig praat sy weer: "Boet, moet asseblief nie weer vir meneer Lausch iets van my vertel nie, al vra hy jou ook wat."

"Meneer Lausch?" Daardie lang oom van die tweede vloer wat lyk asof hy uit 'n baie droë land kom en nog nooit iets te ete gehad het nie? Sy gesig is maer en ingeduik asof die vel direk oor sy skedel getrek is. Met hom sal ek nooit in 'n duisend jaar probeer gesels nie. "Ek praat nie met hom nie."

"Maar jy moes, Boet. Hoe anders weet hy soveel van my?"

Ek trek my skouers op. "Beats me." Maar ek kan sien sy glo my nie. "Ma, dit sal wees soos om met 'n lyk te praat. 'n Dooie mens wat 'n tweede asem gekry het."

"Boet! Jy kan nie so van 'n grootmens praat nie."

"Ek probeer net verduidelik dis definitief nie ek nie." Ek ril. "Hy is genuine scary."

"Ek is jammer as jy so dink." Sy bly 'n oomblik stil, en toe glimlag sy so 'n veraf glimlag, en in my kop sien ek net rooi liggies flikker en hoor ek net sirenes afgaan. "Hy het my uitgevra."

"Uitgevra?" My stem klink soos 'n kat wie se stert in 'n deur vasgeknyp is. Flip. Ek hoop ek het haar verkeerd verstaan. *Die Skedel* het háár uitgevra? **Vir my MA?** "Soos in vir 'n ... *date?*"

Haar wange raak rooi. "Jy gee nie om nie, nè, Boet?"

Ek sluk. My brein staan stil. Van alle mense op die hele aarde! En daar dog ek die oom dryf net soort van rond sonder om enige iemand raak te sien – soos 'n gees of 'n ding wat nie rus vir sy siel kan kry nie.

"Hy het verlede week vir my op pad werk toe 'n bossie pienk blomme gegee."

Blomme?! Van *Die Skedel* af? As ek dít geweet het, het ek nie een enkele nag 'n oog toegemaak nie!

"Pienk blomme, Boet. Pienk. My geliefkoosde kleur. Dit staan op my lessenaar by die restaurant."

"Ma ..."

"Hy wil hê ek en hy moet vanaand ná die onderhoud uitgaan. En hy sê as ek niemand anders kry nie, sal hy dit oorweeg om my met die besigheid te help. Ongelukkig kan hy nie nou geld insit nie, en dis eintlik wat ons nodig het. Kapitaal."

**HELP!** Daardie oom moet ek probeer weghou van my ma af. En van haar besigheid af. 'n Mens kry mos net soms so 'n gevoel oor iets, en ek het só 'n gevoel oor daardie oom. En glo my, dis nie 'n goeie gevoel nie.

"En hy hou ook van ABBA se musiek, Boet. Dis so weird. So al asof hy my diep binne-in ken en raaksien."

**NEE.**

Wie sou ooit kon dink dat *Die Skedel* van ABBA hou ... Dit maak net glad nie sin nie. Daardie uitdrukkinglose gesig van hom, daardie lang, maer lyf wat so stadig beweeg, amper sweef, en daardie swart pakke en gelerige (ugh!) hemde wat hy altyd dra – waar kom ABBA se beat en energie in?

My ma is totaal, absoluut heeltemal mal oor ABBA. Sy speel hulle musiek heeltyd. Sy dans in die kombuis rond op hulle musiek en as ons 'n spez het (dis my ma se naam vir 'n spesiale aand van springmielies en fliek), eindig ons altyd met "Take a chance on me". En 'n mens móét net rondspring en jou arms swaai, anders werk dit nie.

Maar *Die Skedel* en ABBA in één asem? My gedagtes kan nie so ver spring nie!

"Jy sal maar moet vrede maak daarmee, Boet. Ek het jou al hoeveel keer gesê; ek wil nie vir altyd alleen wees nie."

Ek dink aan daardie oom. Aan *Die Skedel*. Dit sal net nooit, ooit werk nie. Kan sy dit nie sien nie? Hier kom moeilikheid. En nie net die M gaan in hoofletters wees nie!

"Maar Ma is nie alleen nie." My stem klim die lug in. Ek sluk en probeer my stem laag hou. "Ek is hier. En oom Bob ook."

"Bob? Hy is my broer, dommie. En op my ouderdom kan ek nie te kieskeurig wees nie. Nie met my hare en lyf nie."

Ek kyk na my ma se wilde swart hare wat agter haar kop vasgemaak is. En haar netjiese klere. Ek hou van wilde swart hare en netjiese klere. "Daar is niks met Ma verkeerd nie. En moenie maak asof Ma oud is nie."

"Ag, Boet, oor vyf jaar is jy uit die skool uit. En waar is ek dan? Oud en grys en alleen. Nee, 'n mens moet vooruit dink. 'n Mens moet beplan."

**Ek is stil**. My arme brein voel asof daar iewers 'n kortsluiting was. Wie sou nou ooit kon dink dat *Die Skedel* deel van haar planne gaan wees? "Ma sal nooit, ooit, **OOIT** oud en grys en alleen wees nie." Nie my ma nie.

"Ag, Boet, jy verstaan nie!" Sy skud haar kop. "Lê nog 'n oomblik rustig. Maar nie te lank nie, anders gaan jy laat wees vir skool. Ek loop oor so tien minute, maar ek sal vanaand nie later as negeuur uit wees nie." Sy kom regop en voordat ek kan wegkoes, druk sy 'n soen op my kop. Dis nou nie iets wat ek sal toelaat as daar ooggetuies is nie, maar ek kan sommer sien sy het dit vandag nodig! Op pad deur toe draai sy om. "Dis dalk een of ander kiem in die lug wat jy opgedoen het. Whatsapp my as jy begin sleg voel. Ek wil nie heeldag wonder of jy oukei is nie."

Ek knik. "Ek sal."

"En, Boet, bly asseblief uit die moeilikheid uit."

Duh, asof ek doelbewus besluit om IN die moeilikheid te kom. "Ek sal probeer, Ma."

"Nie goed genoeg nie. Jou nuuskierigheid gaan nog jou ondergang wees. En jou verbeelding. En jy weet wat hulle

sê: Van nuuskierigheid is die tronk vol en die kerk leeg. En jy kan jou verbeelding daarby voeg."

"Van nuuskierigheid ...? Dis net só dom, Ma."

"Al wat ek sê, is hou jouself in." Sy bly in die deur staan. "Ek sien op die nuus daar het die afgelope week twee dogters weggeraak. 'n Mens kan nie té versigtig wees nie."

"Dis méisies, Ma, nie dógters nie."

"Ken jy hulle?"

"Nee, maar ek het hulle foto's op TV gesien."

"Hulle lyk soos twee sussies."

"Hulle is net vriendinne, maar hulle is al twee blond. En hulle het nie weggeráák nie, almal sê hulle het weggelóóp. Hulle het een of ander iets simpels aangevang en toe het hulle ouers hulle selfone weggevat en hulle gehok totdat hulle eendag twintig is, en toe loop hulle weg."

"So?" My ma staan 'n oomblik stil asof sy ook wonder watter dom ding hulle aangevang het. "Maar jy moet een ding sommer nou weet, Boet, as ek jou die dag hok en jy loop weg, gaan ek baie vies wees. En moenie jou pousekos vergeet nie. En géén ontstelde oproepe van die skool óf die bure óf mevrou Benning nie, asseblief. Sy sóék 'n rede om ons twee hier uit te gooi. Hou jouself in. Ek het nie vandag krag vir probleme nie, nie eens kleintjies nie. Vandag wil ek net op die onderhoud fokus."

As sy maar net weet ...

**Vrek**.

Ek sluk. "Ek hoop dit gaan goed."

Sy trek 'n gesig. "Ek ook. Baai, Boet. Lekker dag."

Die deur klik agter haar toe en met 'n sug van verligting sak ek teen my kussing terug.

Die eerste gevaar is afgeweer.